

30 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 5:1-9

Fokusgedeelte: Johannes 5:6

Jesus het gekom om lemand te wees vir elkeen wat niemand het nie!

By die Skaappoort in Jerusalem het mense daagliks by die bad van Betesda in- en uitgegaan om genesing te soek. Volgens oorlewering het die engel van die HERE die water geroer en die een wat in die bad inklim, word genees.

Daar was baie mense in nood, maar Jesus gaan staan by een spesifieke man en vra vir hom: *Wil jy gesond word?* En hy antwoord: *Meneer, ek het niemand nie!* Wat 'n ontsettende aanklag was dit nie teen die mense van sy dag nie. Jesus het hom raakgesien, al het hy nie eers meer na hulp gesoek nie. Jesus openbaar sy mag deur net vir hom te sê: *Jy is gesond. Staan op, tel jou goed op en loop.*

Ons moet nooit dink: "Ek het niemand om my te help nie." Jesus het opgestaan uit die dood en Hy is elke dag oral om elkeen te help as Hy wil. Ons hoef nie eers te vra nie, dit gebeur net. Jesus het vir die man by die bad lemand geword. Jesus het juis gekom om lemand te wees vir elkeen wat niemand het nie. Jesus wil ook vir elkeen van ons wat niemand het nie, lemand wees. Hy hoor ons as ons roep. Hy sien ons as ons sukkel. Hy help ons as ons val. Selfs al weet ons nie, is Hy daar.

Daarom mag ons nie so besig wees met ons eie dinge dat ons die nood en ellende en stryd van andere nie sal begryp nie en ander nie sal help nie. Maak tyd vir jou medemens – veral vir hulle wat eensaam en alleen is. Ons geloof, ons Christenskap kan daagliks gemeet word aan die vraag of ons iemand was vir iemand wat niemand gehad het nie – en dit op spontane wyse waar niemand ons gesien het nie, sommer net in die daaglikse lewe. Wees iemand vir hulle wat niemand het nie.

Sing: Psalm 130-3:1, 2 (2001-omdigting)

Dr. De W Saaiman (Krugersdorp)